

Vrydag 12 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 60

Fokusgedeelte: Psalm 60:13-14

God verander ons klag in 'n danklied

Psalm 60 is 'n geskiedenispsalm. In 2 Samuel 8 en 1 Kronieke 18 lees ons van Dawid se oorwinnings oor sy vyande: “Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal.” Dit staan in direkte kontras met vers 3-7: “U het ons verstoot, uitmekaar geskeur, 'n ramp oor ons gebring; U was kwaad vir ons ...” – wat terugverwys na die geskiedenis in 1 Samuel 4 toe Israel deur die Filistyne verslaan is. Die klag is hier eerder 'n skuldbelydenis as verwyf.

Dan kom die versugting: “Laat dit tog weer met ons goed gaan.” Die versugting word nog dieper: “Red ons deur u groot mag en help ons.”

God antwoord in vers 8 vanuit sy heilige woning, wat verwys na die tempel in Sion. Dié verlossingsboodskap word in die tempel deur 'n priester of profeet aangekondig – 'n oorwinningsproklamasie oor die vyande van Israel. *God word as oorwinnaar beskryf.*

Tog huiwer die bidder weer ná die verlossingsboodskap in vers 11 en 12, asof dit te goed is om waar te wees. Hy vra weer: “Help ons tog, want die hulp van mense is niks.” Dit gaan hand-aan-hand met 'n diepe versekering en belydenis: “Met God aan ons kant sal ons oorwin. Hy self vertrap sy vyand.”

Ons moet onthou: God bly getrou aan sy verkiesingsbelofte, al lyk dit op die oog af anders. Op Golgota het dit gelyk of Jesus, en daarmee saam sy kerk, ook 'n verpletterende neerlaag gely het; of God hulle verlaat het. En tog ... juis DAAR het God sy verkiesingsbelofte gestand gedoen – ons is verlos en met God versoen.

Ons alledaagse, persoonlike lewens is ook vol teleurstellings. Vers 3-7 resoneer in ons: “U het ons verstoot... 'n ramp oor ons gebring ... U was kwaad vir ons.” Net soos Dawid moet ons weer tot God bid en vra dat dit weer met ons goedgaan. Dan moet ons vertrou en glo – nie huiwer en twyfel aan God se beloftes nie. Vertroue word op ervaring gebou. Dawid het voor veldslae gebid, op God vertrou en die oorwinnings ervaar.

Met God aan ons kant, kan ons ook oorwin, groot dinge vermag. God, die Oorwinnaar, verander ons dubbele klag in 'n dank- en vertrouenslied. Daarom kan ons ELKE dag, ongeag ons omstandighede, met 'n danklied en vol vertroue tegemoet gaan.

Sing: Psalm 68-1:1, 9

Ds. DF Coetzee (Dawid) (Emeritus)